# Waarskuwing oor padtoestande in Heilbron tydens feesseisoen

Plaaslike inwoners en feesgangers word gewaarsku oor die gevaarlike toestande van die dorp se paaie, wat 'n uitdaging vir padveiligheid tydens die feestyd inhou. André Coetzee, 'n bekommerde inwoner wat aan die begin van die jaar dit sy missie gemaak het om die dorp skoon te maak, maan motoriste om uiters versigtig te wees.

Coetzee vertel dat by sekere stopstrate in die dorp, bome die teken so dig toe groei dat dit die sigbaarheid heeltemal beperk. “Motoriste sukkel om die stoptekens raak te sien, wat 'n groot risiko vir ongelukke inhou,” sê hy. Op ander plekke is die slaggate só groot dat dit lyk of iemand 'n boom daarin kan plant. “Ons paaie is in 'n gevaarlike toestand, en dit maak die feestyd, waar meer mense reis, erger,” voeg hy by.

Met die aankoms van die feestyd, wanneer daar 'n toename in padverkeer verwag word, word inwoners en besoekers versoek om ekstra voorsorgmaatreëls te tref. Padveiligheid is van kardinale belang, en bestuurders word aangeraai om stadiger te ry, hul voertuie se ligte aan te skakel vir beter sigbaarheid, en voldoende volgafstand te handhaaf.

Die munisipaliteit is bewus van die uitdagings en is gevra om dringend aandag te skenk aan die toestand van die paaie en



die oorgroeide plantegroei. Tot op datum is daar egter nog min aksie gesien.

Vir die gemeenskap bly die boodskap duidelik: wees geduldig, wees versigtig, en hou veiligheid altyd eerste. Coetzee sê, “Ons wil nie hê hierdie feestyd moet in 'n tragedie ontaard as gevolg van iets wat voorkom kon word nie.”

In geval van nood of ernstige padtoestande, word inwoners aangemoedig om dit dadelik by plaaslike owerhede aan te meld. Veiligheid bly elkeen se verantwoordelikheid.

## Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

### *Engo Ringerstraat neem deel aan Heilbron Herald se Kersprojek*

Engo Ringerstraat het onlangs 'n besoek aan die Heilbron Herald afgelê om deel te neem aan hul Kersprojek. Hierdie spesiale inisiatief het persone tot en met 18 jaar die geleentheid gegee om hul kreatiwiteit te wys en 'n bydrae tot die feestelike gees te maak.

Die kinders van Engo het dit baie geniet om deel te neem en hul kunswerke aan die gemeenskap te wys. Die Kersboom, wat nou versier is met hul pragtige handewerk, bring 'n unieke warmte en kleur aan die Herald-kantoor. Die projek was nie net 'n manier om die vakansiegees aan te wakker nie, maar het ook die kinders se kreatiewe vaardighede en spanwerk bevorder.

Die Heilbron Herald bedank Engo Ringerstraat vir hul bydrae en sien uit na nog sulke gesellige geleenthede in die toekoms!



## UIT DIE PEN: Week 50



Versigtig optimisties, noem party politici dit. My gryse ou pa het altyd gegrinnik wanneer hy daardie term hoor. Wat is dit nou eintlik: versigtig of optimisties? Wonder ek ook nou.

Wanneer ek terugkyk na 2024, kan ek dit in twee woorde opsom: Lang en bang.

Ek is verlig dat dit amper verby is, maar ek wil ook nie met 2025 begin voordat ek nie die *terms and conditions* deeglik deurgelees het nie.

Net 'n kort opsomming.

Op Valentynsdag kry my goeie man 'n angiogram. Hy het 38% hartfunksie oor. Die kardioloog skryf vir hom 'n emmer vol medikasie voor. Onder andere drink hy bloedverdunners en daarom moet hy alle alkohol uitsny. In solidariteit doen ek dieselfde.

Ons maatskappy rapporteer verliese aan die einde van Februarie. Op 1 Mei breek ek my been. Op 3 Mei word ek onder narkose getrakteer op 'n plaatjie en agt skroewe. Twee weke mag ek amper nie beweeg nie, behalwe badkamer toe en terug.

Op 8 Mei kry my goeie man 'n hartablasie. Ek kan hom nie hospitaal toe vat nie, ek kan nie eers myself behoorlik badkamer toe vat nie. So teen middagtyd, 21 Mei, bel die ouetehuis: my ma het geval ons moet haar hospitaal toe vat vir x-strale. Gelukkig kon my boetie help.

Om 02:10 op die oggend van 22 Mei word my goeie man siek. Hy moet hospitaal toe. Ek kan darem al met die krukke hinkepink, maar ek kan nog nie bestuur nie. Maanstewel Johan daag 11 minute daarna hier op om hom hospitaal toe te vat, waar hy bly tot 25 Mei. Op 7 Junie bedank ons baas.

My ma trek uiteindelik op 11 Junie in 'n woonstel in by die ouetehuis se versorgingsafdeling. Sy kan nie meer alleen nie. Daardie dae rits ek rond in 'n rolstoel. Ons help haar trek, al kan ek net die klein goedjies doen. Intussen word snaakse vrae gevra oor ons baas wat bedank het.

Ek word een van fisioterapeut Paul se pasiënte. Hy leer my weer loop, al huil ek lang trane en sweet my papnat. Uiteindelik gooi ek my krukke weg: 16 Augustus word 'n wonderwerkdag toe ek dit regkry om die hele dag sonder krukke te loop.

Aan die einde van Augustus moet my goeie man 'n hartmonitor kry sodat die kardioloog kan bepaal of daar 'n verbetering in sy hart is. In die middel van September kom ek een middag by die huis, net betyds om 'n sjampanjeprop te hoor. Ons mag mos nie alkohol drink nie, sê ek. Die kardioloog sê my hartversaking is weg, sê my goeie man. Dalk was dit die medikasie, dalk die hartablasie, dalk albei. Maar altyd 'n wonderwerk!

As iemand vra hoe dit gaan, sê ons dit gaan beter met ons as met mense wat nie 'n mediese fonds het nie. Ons s'n voel soos ek: uigeput. Gelukkig is ons aan die einde van die jaar. Nog is dit het einde niet.

Verlede week sien ek hoe my enkel, by die operasieletsel, opswel, rooi en vuurwarm word. Ek sit ys op en lê op die bed. Kry by my vriendelike apteker anti-inflammatoriese medikasie en maak 'n afspraak by Dok George. By hom uitgekom, is my enkel weer die gewone grootte, geen swelling.

Ek vertel vir George dat dit my herinner aan my goeie pa se hondjie, Trixie. Iemand het haar soms "Tricksy" genoem, want sy was vol tricks. Sy het hier by ons aan huis geland toe sy seker al 300 jaar oud was. Ek het haar al 'n paar keer in die kombuis gekry waar dit letterlik lyk asof sy op haar laaste bene is. Dan sê ek: "Môre vat ek jou veearts toe sodat hy jou kan uitsit." Die volgende oggend het Trixie splinternuwe krag en sy huppel soos 'n spogponie wat dressage doen. Presies dieselfde met my opgeswelde enkel: ek vat jou more dokter toe, gehoor? En dan sak die swelling. George neem bloed en die aand bel hy met 'n nuwe voorskrif, uiters bekommerd. Begin dadelik drink, jou infeksietellings is hemelhoog.

Hy maak sommer namens my 'n afspraak met die ortopeed. Van die ortopeed na die laboratorium vir nog bloed. X-strale toe, terug ortopeed toe. Nee, hierdie lyk nie reg nie. Eerder MRI. My kop raak geworrie en my lyf bewerig. Dalk is hier iets groots fout. Ek begin sommer byvoorbaat huil. Die ortopeed sê nee, nee, dis goeie nuus. Ek weet presies wat die probleem is, sê hy. Die plaatjie en skroewe moet af kom, die been is lank reeds geheg. Die ligamente by- oor- en rondom die plaatjie kry inflammasie. En as ons klaar is, behandel ek dit met vitamiene C en nog iets.

So: wanneer jy hierdie lees, behoort ek so pas uit die teater te wees, plaat- en skroefloos. Met 'n gipsie aan, wandelende met twee krukke vir twee weke. Maar ek sê jou: as 2025 gaan wees soos 2024, bly ek net hier in 2024, julle kan maar gaan. Ek bly. Want ek wil eers die *terms and conditions* sien voordat ek besluit.

Maar solank vir jou: mag dit 'n versigtige en pynlose 2025 wees. Mag ons versigtig optimisties wees oor die toekoms wat wag. Kom ons wees eerlik: wil jy regtig weet wat in die toekoms gaan gebeur? Dis dalk beter dat ons die toekoms letterlik sekonde per sekonde moet beleef.

En as dit enigsins komende jaar moontlik is: kry maar vir jou ’n mediese fonds of hospitaalplan. Onmisbare ergernis, meeste van die tyd. Maar jy kan nie beplan wanneer jou hart gaan lê of die bene gaan breek nie. En oor my baas? Na die kabaal het ek nog nooit weer van hom gehoor nie.

Vreugde en vrede.

Betaal jou premies.

Glo aan wonderwerke.